# SONDAGSKOOL LES - God moet gevrees word

**Doel van les:**

- Hierdie week leer ons om beter te verstaan wat dit beteken om God te vrees.

**Ysbreker:**

- **Vraelys:** Deel vir elke kind 'n vraelys uit. Gee so paar minute kans vir hulle om dit in te vul. Verduidelik hoe die antwoorde later in die les gebruik gaan word.

Vandag gaan ons leer dat God gevrees moet word, maar nie op die manier wat ons vrees verstaan nie. Julle het nou kans gehad om die eerste woorde/woord neer te skryf wat in julle gedagtes opkom wanneer julle die woorde gebed, liefde, vrees en God hoor. Gesels gou in julle groepe oor spesifiek die woord vrees en wat julle daar neergeskryf het.

Kry terugvoering.

In Afrikaans is daar 'n woorde soos bang en vrees en hulle beteken almal dieselfde ding. In die Hebreuse taal is (die taal waarin die Ou Testament geskryf is) daar twee woorde vir vrees: pachad en yare. Altwee hierdie woorde word in die Bybel gebruik, maar het baie verskillende betekenisse.

Illustrasie

(Kry iemand om agter te staan met 'n ballon en 'n naald. Wanneer 'n sekere woord gespreek word, moet die persoon die ballon prik met die naald om dit te laat bars.)

Sê: Die twee woorde wat gebruik word is Pachad en Yare. Wanneer ons die woord pachad hoor (persoon bars ballon)…Wow, het julle geskrik? Hierdie illustrasie is wat pachad beskryf. Jy skrik, jy is bang.

Laat Andre vorentoe stap. Wanneer julle oom Andre of oom Les hoor praat en julle vra om iets te doen soos stoele wegpak op stilbly ervaar julle yare "vrees". Julle sal na hulle luister oor julle yare vrees/respek vir hulle het.

Pachad – Vrees

Om te skrik, vrees, terreur

Yare – Om in ontsag/eerbied te staan, respek

**Vrae in groep:**

Lees Psalm 22:23-24

- Met dit wat jy nou gehoor en ervaar het, watter vrees dink jy praat die verse van? (Yare)
- Wat beveel hierdie Psalm ons om te doen? (God te loof, eer en respekteer)

Lees 1 Samuel 23:15-18

(Die volgende verse praat van 'n ander soort vrees. Koning Saul het baie jaloers geraak op Dawid en het hom begin jag. Koning Saul wou vir Dawid en sy manskappe doodmaak.)

- Watter soort vrees praat hierdie gedeelte van? (Pachad)
- Sal jy jou hand in die vuur druk? (Nee, natuurlik nie. Die rede hoekom mense nie hulle hande in 'n vuur druk nie is oor hulle 'n yare vrees het vir vuur. Ons het respek vir vuur en grense en reels van vuur. Dis dieselfde met God; ons ken Sy wette en ons moet dit respekteer en gehoorsaam)

Kry terugvoering.

Wat ons oor die weke al geleer het, wys dat God ons liefhet. As ons vandag se les bysit, kan ons ook sien dat God nie wil hê ons moet Hom vrees soos wat ons gewoonlik aan die woord vrees dink nie. Hy wil ons respek hê en dat ons Hom moet eer en verheerlik oor Hy almagtig is en dit verdien.

- Hoe kan jy God vrees hierdie week?

Kry terugvoering.

Sluit af in groepe met gebed.

Skryf die eerste woord neer wat in jou gedagtes opkom wanneer jy hierdie woorde hoor:

- Gebed
- Liefe
- Vrees
- God

Skryf die eerste woord neer wat in jou gedagtes opkom wanneer jy hierdie woorde hoor:

- Gebed
- Liefe
- Vrees
- God

Skryf die eerste woord neer wat in jou gedagtes opkom wanneer jy hierdie woorde hoor:

- Gebed
- Liefe
- Vrees
- God

Skryf die eerste woord neer wat in jou gedagtes opkom wanneer jy hierdie woorde hoor:

- Gebed
- Liefe
- Vrees
- God

Skryf die eerste woord neer wat in jou gedagtes opkom wanneer jy hierdie woorde hoor:

- Gebed
- Liefe
- Vrees
- God

Skryf die eerste woord neer wat in jou gedagtes opkom wanneer jy hierdie woorde hoor:

- Gebed
- Liefe
- Vrees
- God